Naby die Here vind ons ware voorspoed.

Teks: Jeremia 17: 5 - 13
Teksvers: Jeremia 17: 7

1. Inleiding

Wanneer is genoeg, genoeg? Wanneer het my beproewing, verslawing, siekte of armoede eenvoudig die oorhand gekry? So die oorhand gekry dat ek opgee? Dit is naby aan hierdie punt wat ons as mense soms verkeer. Daar waar ons voel dat elke stukkie raad en advies wat ons ontvang net nog ’n droë loop in die woestyn is. Dit maak nie saak hoe hard ons probeer daar is eenvoudig nie water nie, nie lewegewende vars water nie.

Dit is juis in hierdie situasie wat die woorde van die profeet Jeremia na ons toe kom. Hy moes in sy bediening in die Ou Testament moeilike profesieë aan koning Jojakim en Sedekia gee. Maar die feit dat hierdie profesieë opgeteken in die Bybel vir ons behoue gebly het, beteken natuurlik dat dit ook vir u en my vandag bedoel is. Dit profesie trek vas in ons teks ten opsigte van die man wat geseënd is. Hoe lyk die karakter en eienskappe van ’n man wat deur die Here geseënd is?

Maar om natuurlik te verstaan hoe ’n man lyk wat deur die Here geseënd is, moet ons ook verstaan hoe ’n man lyk wat deur die Here vervloek is. Wat is sy situasie, en hoekom is daar juis so min hoop dat dit ooit met hom kan beter gaan. Kom ons gaan word stil voor hierdie stukkie wysheidsliteratuur wat ons ook in die profesie van Jeremia teekom. Want hierin lê ook vir ons troos. Selfs in die beproewings en uitdagings wat ons vandag in 2024 in die gesig staar. Kom ons gaan soek die ware lewegewende water in hierdie voorbereidingsdiens met die oog op die sakrament van die Heilige Nagmaal volgende Sondag?

2. Twee kante van die munt

Ons teksvers vandag uit vers 7 vanoggend staan in kontras met die eerste vers van ons teksgedeelte, vers 5. Ons sien dat vers 5 handel oor vertroue in die mens en vers 7 handel dan oor vetroue in die Here. Ons kan sê dit is soos twee kante van ’n munt. Kom ons ondersoek elke kant van die munt.

Aan die een kant het ons die vertroue op die mens. En dit is nie iets wat baie vreemd is, in vandag se mens gesentreerde samelewing nie. Mense word vinnig afgodies op ’n verlosser tiepe manier aanbid. Ja dikwels selfs in die plek van ons Here Jesus Christus geplaas, soos ons ook in die tweedediens vandag sal sien. En die rede hier voor is gewoonlik een of ander spesiale gawe of vermoë. ’n Gawe of vermoë waardeer die wêreld verlossing of uitkoms van iets swaar of moeilik verwag.

Maar dan gaan ons teksgedeelte verder en beskryf so ’n persoon wat sy vertoue in mense stel. Hy is soos ’n kaal bossie. Van die vrye parafrases praat selfs van ’n tolbos. Wat belangrik is, is die grondteks se verbintenis aan arm, kaal of leeg. So ’n persoon is soos ’n plant wat eertens nie wortels het nie, soos ’n tolbos. Of wortels wat in die woestyn grond ingeplant is, waar geen water of voeding is nie. Ons weet die uiteinde hiervan is die dood van plant.

Maar die ander kant van die munt is duidelike verwysing na Psalm 1. Die mens wat op die Here vertrou is soos die boom wat naby die waterstroom geplant is. Hierdie boom het sy wortels in die waterstroom, en word gevoed en versterk. Ons weet die uiteinde van hierdie water is die lewe. Daarom praat ons van lewegewende water. En dit is ook in die besonder die tipe water waarna ons dors hier in voorbereidingsdiens vanoggend.

3. Wanneer die droogte kom

Tog is dinge maklik wanneer die goed en voorspoedig gaan. Dit het selfs al gely na die gewildheid van voorspoedsteologie rondom ons. Daardie dwaalleer dat niks negatiefs of swaar ooit die gelowige sal tref nie. Maar dit is nie wat goed gaan met die mens wat sy vertroue in dien Here stel bedoel word nie. Dit beteken nie dat geen beproewing die gelowige mens ooit sal tref nie, want dit is eenvoudig ’n vals profesie. Maar wat gebeur wanneer swaarkry en beproewing die gelowige tref word ook vir ons geopenbaar in die beeld van die boom by die waterstroom.

Vers 8 leer ons dat wanneer ’n droë jaar kom, beinvloed dit boom skaars. Die boom hoë nie op om vrugte te dra nie. Dit beteken natuurlik nie dat beproewing en swaarkry nie gelowige emosioneel raak nie. Ons is nie koue mense wat onemosioneel en onaangeraak deur die lewe gaan nie. Ons lees immers dat selfs ons Here Jesus Christus gehuil het, omdat Hy emosioneel hartseer was.

Maar wat wel die waarheid is vir ons vanoggend, is dat hierdie beproewinge en swaarkry nie die laaste sê in ons lewens het nie. Dit hoef selfs nie eers ons optrede te beinvloed nie, en dit is waaroor vers 9 gaan. Om eenvoudig altyd op te tree volgens die gevoel in ’n mens se hart laat jou later in ’n maalkolk van teenstrydighede land, sonder enige vaste grond vir jou voete. Uiteindelik is ’n mens dan soos die tolbos wat eenvoudig deur die wind voortgewaai word tot waar dit uiteindelik sterf.

Maar die troos vir ons as gelowiges vandag is dat ons oortuigings, en uiteindelik ons hele sin maak van die lewe nie uit hierdie omstandighede en materiële realiteite rondom ons kom nie. Die kom van ’n bonatuurlike waterstroom af, waarin ons wortels ingeanker is. Dit is die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus, wat Hy vir ons offer het sodat hierdie swaarkry en beproewing nie die laaste sê oor ons het nie. Dit is hierdie oortuiging deur die Heilige Gees wat uiteindelik die goed is wat die mens beleef wat op God vertrou.

4. Meer as net oorlewing

Laastens fokus ons die aandag op die feit dat die boom by die waterstroom nie net lewendig is nie. Dit is nie ’n boom wat meer beswaarlik aan die lewe nie. Vers 8 openbaar aan ons dat die boom altyd groen blare het. Met ander woorde dit is ’n boom wat mooi is en goed om na te kyk. Maar dit gaan selfs nog verder as dit. Dit is nie ’n boom wat eenvoudig selfsugtig net mooi is vir homself nie.

Dit is ’n boom wat vrugte dra. En ’n vrugteboom wat goeie vrugte dra, is nuttig. Daarom is so ’n boom so begeerlike item vir ons eie tuine. Regdeur die bybel tref ons die beeld van goeie vrugte dra in verband met liefde vir ons naaste. En dan spesifiek goeie dade wat deur gelowiges gedoen word, word dikwels vergelyk met goeie vrugte. Nou is die maklik om goeie dade te doen wanneer dit goed gaan. Om filantropies op te tree terwyl ’n mens ’n multimiljoenêr is.

Maar dit is hier waar hierdie profesië van Jeremia ook hart en duidelik met ons praat vanoggend. Hierdie boom dra goeie vrugte selfs in die droë jaar. Met ander woorde teen enige verwagting vir goeie vrugte in. Ons leef in wêreld wat so maklik oneerlikheid en diefstal wil afskryf teen armoede en swaarkry, selfs terug tot by

vorige generasies. Maar dit is die teenoorgestelde boodskap wat ons vanoggend uit ons teksgedeelte kry.

Wanneer ons ingeplant is, in die ware waterstroom van ons Here Jesus Christus kan ons goeie vrugte dra selfs in moeilike en swaar omstandighede. Ons kry daardie energie en lewe wanneer ons in liggaam in siel verbind is aan die Koning van konings, die leeu van Juda, die volmaakte offerlam. Kom ervaar weer ook met die res van ons sintuie hierdie goedheid van die Here in die sakrament van die Heilige Nagmaal volgende Sondag.

5. Slot

Ons kan hierdie voorbereidingspreek afsluit met die volgende antwoord op ons inleiding. Vir die gelowige is dit nooit ver genoeg nie. Ons bereik nooit die punt waar ons eenvoudig moeg opgee in die beproewinge en aanslae van die bose nie. Want ons ons is soos die boom wat by die waterstroom geplant is. Omdat ons die voorreg het om ook gister, vandag en more te kan vertrou op die Here.

Hierdie voorreg is duur gekoop, want prys daarvoor was die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Juis daar waar Hy as volmaakte offer lam vir ons geoffer is. Dit is ten diepste wat ons met die tekens en seëls tydens die sakramentbedeining van die Nagmaal verkondig en ervaar. En daarom kan ons vanoggend tydens hierdie voorbereidingsdiens met verlange uitsien na volgende sondag se nagmaalserediens.

Tog bly die onmiddelike troos en werklikheid dat ons vandag al seker kan wees waar ons hoop en verlossing lê. Ons ervaar die genadige werking van die Heilige Gees in ons. Daardie werking wat ons vertroue selfs in die diepste swaarste nag terugbuig na die regte adres toe. Ons Here Jesus Christus wat ons so lief het dat Hy Sy lewe kom aflê vir ons. Ons kan vandag met hierdie vertroue en hoop nie net oorleef nie, maar voluit leef. Voluit leef tot eer en verheerliking van God ons hemelse Vader en in liefde tot ons naaste in gehoorsaamheid aan die groot opdrag.

Amen